12 MEI

09:00 Caritas Sondag
Immanuel van Tonder

09:00 Kleuterkerk
Moedersdag bak-en-brou. Almal welkom!

09:00 Kategese gr 1-6

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Jeanri Bezuidenhout
Nie dier nie, nie engel nie, God en seksualiteit.

19:00 Belydenisklas – Kapel
Ander geloofsgewoontes.

19 MEI

09:00 Erediens
Eric Scholtz

09:00 Gesinsdiens (Saal)
Peet Crous
Poppekas!

09:00 Kleuterkerk (Saal)

09:00 Kategese gr 1-6 (Saal)

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe
Immanuel van Tonder

19:00 Belydenisklas
Verskillende kerkgroepe.


LYNNWOOD GEMEENTE

'N JAAR VAN 2019 GASVRYHEID

CARITAS

Uitreikbedieninge van Lynnwood Gemeente

Inleiding

God se droom vir die wêreld kan saamgevat word in die begrip wat Jesus gebruik naamlik, die Koninkryk van God. Ons word genooi om deel te neem aan die koms van die Koninkryk van God op aarde op alle terreine van die lewe. Daarom is selfs ons beroepe deel van ons roeping. Koninkryksmense is sensitief vir die nood om ons. Caritas is een van die kanale waardeur die gemeente God se lewegewende fontein kan wees.

Ons nooi jou om 'n bydrae te lewer by 'n bediening na gelang van die gawes wat jy ontvang het. Daar is 'n ryke verskeidenheid van behoeftes. Deur die loop van die jaar sal die bedieninge een-vir-een bekend- gestel word. Kyk gerus waarheen jy geroep word en maak kontak met die betrokke bediening. Voorsitter: Bertus van Tonder 074 582 8820, Predikant: Immanuel van Tonder 083 540 6015.

Foto: Anike Stander

1 Adult Education
Mary Kwebane bied lees- en skryf klasse aan by ons gemeente sentrum. Dit is 'n besondere vrugbare bediening wat mense bemagtig met verskeie vaardighede. Die gemeente help met die infrastruktuur. Mary Kwebane 083 498 1240.

2 Allimentasie:
Deur die loop van die jaar word mense wat finansiële nood het op verskeie maniere ondersteun. Dit word meestal in die vorm van kosskenkings of die betaal van rekeninge gedoen. Die nood word ondersoek en verantwoordelik bestuur. Lana Jacobs 012 348 1245.

3 Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Donasies word gebruik om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.

3 CMR
CMR (Christelik Maatskaplike Raad) is die Ned Geref Kerk se welsynsorganisasie wat reeds die afgelope drie-en-tagtig jaar Maatskaplike Werk dienste aan die gemeenskap lewer.

CMR SC
Ons gee hoop
We give hope

Die nood is groot

Oorweeg asseblief om die Caritas uitreike te ondersteun deur ‘n bydrae te maak met verwysing "Caritas" by ABSA bank, NG Gemeente Lynnwood, Takkode 632005, Tjekrekening nommer 540 580 014. Elke sent ontvang maak 'n groot verskil!

---

19 Mei 2019 : Gesinsdiens saam met die Kleuterkerk en Kategese in die saal. Poppekas!

Voorbidding:

Craig en Leandra Pike (van Lynnwood), Leandra se broer (37) is onlangs met kanker gediagnoseer en begin binnekort met behandeling.

Almal word vriendelik versoek om asseblief wettig en ook in die regte rigting voor die kerk te parkeer tydens die eredienste. Daar was Verkeerspolisie-optrede by 'n vorige geleentheid.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Diensverhoudinge vergadering** 18:30 (Kerkkantoor).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 082 856 5959. **Gemeentevroue Groep 4** 09:30 (Ilze du Plessis, Die Rand 335A, Lynnwood, 012 361 2588). *Chrisanette Erasmus kom praat oor Hipnose*. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – James Kirkpatrick kom gesels.
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323.
	Kerkraadagenda sluit.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Hanthi 083 293 0263 | Peet 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Groen

HERWIN, HERWIN, HERWIN
Dit is die NUWE SIN
Die aarde kan nie meer
Ons rommel als hanteer...

Die haaie in die see
Die walvisse daarmee
Vergaan van ons plastiek
Dit lei tot groot paniek...

Willem probeer sy bes
Om ons te leer DIE LES
En Peet staan aan sy sy
Die aarde groen te kry.

Maar kom laat ons nou kyk
Hoe werk dit in praktyk:

Wanneer die asman kom
Om leeg te maak ons drom
Wat sal hy daarin vind
Slegs en alleen maar wind...

Hy kan dit nie verstaan
Wat gaan met Gogo aan???
Daars niks waarvan hy hou
'n Leë drom... Kom nou...

Elk skilletjie en pit
Word versigtig teruggespit
Wat uit die aarde kom
Mag nie teruggaan in 'n drom!

Die erdwurms baljaar
Die hadidas ook daar
Plastiek, papier en glas
Hoort in die kerk se kas.

Dink ons ons deeltjie is te min
Is ons verkeerd – dis 'n BEGIN
As almal hieraan saam kan werk
Trek ons die wa nog deur die Kerk!!

Vir almal wat na ons sal kom
Gaan ons ons Aarde weer laat blom
Ons kosbaar Aarde is TE mooi
Om dit met Rommel te bestrooi...

HERWIN, HERWIN, HERWIN
Dis 2019 se sin...

Marita Op't Hof April 2019

Thea Smit, haar ma Petta, seun Hilary en sy meisie Joanette het die kinders van Jakaranda Kinderhuis 6 gaan verras met paaseiers en -bolletjies. Almal het lekker gekuier en gespeel. Na Joanette se ontsteltenis oor die stukkende trampolien, het haar ouers besluit om 'n nuwe mat daarvoor te laat maak.

Jakaranda Kinderhuis 6 gaan in Junie op 'n SEEVAKANSIE!!!!
Dis moontlik gemaak deur 'n mildelike skenking van die Caritas Bedieninge.
Ons benodig egter nog die volgende om die kamp vir die kinders moontlik te maak:
Bydraes tot brandstof en tolgeld,
12 strand-handdoeke, 12 sweetpakke,
12 swembroeke, 12 pare plakkies,
12 toksakke vir die seuns om hulle klere in te pak. Dankie vir skenkings reeds ontvang.
Indien u wil bydra deur hierdie 10 dae vir die seuns ongelooflik te maak, kontak asseblief vir Thea Smit by 083 780 4156.

Kontak ons!

012 348 1245
Kantoorure: Ma-Do 07:30 – 13:00, Vry 08:00-12:00
kerkkantoor@nglynnwood.co.za;
www.nglynnwood.co.za
Posbus 36430, Menlopark, 0102
Sussexlaan 439, Lynnwood (GPS: S 25° E 28° 15.93)
084 588 4948 Juan Ferreira (koster)
073 267 7019 Maretha Brits (kombuis)
bets@nglynnwood.co.za (lokaalhuur)
012 348 1245 (CD bestellings (diens en begrafnis)
kerkkantoor@nglynnwood.coz.a (Muur van herinnering)

Lidmaatskap: Het jou inligting verander of wil jy 'n lidmaat word? Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos** bets@nglynnwood.co.za.

Doopregistrasie: Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak:** 012 348 1245 of e-pos bets@nglynnwood.co.za.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar. Dankie vir u ondersteuning.

Klein advertensies: stuur gerus vir plaas op die kennisgewingborde en in *Gemeenskapsblad* op die web.
Kliek hier vir die *Gemeenskapsblad* (pdf).

GOOI IN KOLLEKTEBORD | HANDIG IN BY DIE *INFO*-TOONBANK

Besoeker? Nuwe intrekkers? Ons wil jou graag leer ken!
Naam & Van: .....

.....

.....

@ .....

☎ .....

Enkel ☐ Jonggetroude ☐
Tiener ☐ Gesin ☐
Student ☐ Senior-lidmaat ☐
Jongvolwassenes ☐

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Herwinningshouers:
In die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. Maak asseblief artikels kartonhouers en blikkies plat.

Deel dit met ons!
Het jy 'n **voorstel/droom/inspirasie** om te deel oor ons gemeente? Stuur 'n e-pos aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.